

## 6. Satan en die 1000 Jaar

### 1. Watter gebeurtenis begin die 1000 jaar periode?

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan."

**1 Thessalonicense 4:16**

**Antwoord:** Die wederkoms van Jesus



### 2. Wat gebeur met die wederkoms en wie word opgewek?



"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan."

**1 Thessalonicense 4:15, 16.**

**Antwoord:** Die wat in Christus gesterf het (verlostes), word opgewek uit die grafte.

### 3. Word al die dooies opgewek met die eerste opstanding?

"En die ander dode (*die wat verlore is*) het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank."

**Openbaring 20:5, 6.**

"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor." "en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."

**Johannes 5:28, 29.**

**Antwoord:** Die tweede opstanding vind eers plaas aan die einde van die 1000 jaar. Die onregverdiges (verlorenes) sal in hierdie opstanding opgewek word. Dit word die opstanding van veroordeling genoem. Die eerste opstanding word die opstanding van die lewe genoem.

*Die opstanding van die regverdiges begin die 1000 jaar. Die opstanding van die onregverdiges beëindig die 1000 jaar.*



#### 4. Wat gebeur met die lewende verlostes?



"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word"

**1 Korinthiërs 15:51-53.**

"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp."

**Filippense 3:20, 21.**

"Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

**1 Thessalonicense 4:17.**

**Antwoord:** Die verlostes se liggame word verander en gaan dan die Here tegemoet in die lug saam met die verlostes wat opgewek is.

#### 5. Wat gebeur met die lewende ongelowiges met die wederkoms?

"en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie."

**2 Thessalonicense 1:7, 8.**

"en dan sal die ongeregte geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,"

**2 Thessalonicense 2:8**

"God staan op, sy vyande raak verstrooid, en sy haters vlug voor sy aangesig weg! Soos rook verdryf word, verdryf U hulle; soos was smelt voor die vuur, vergaan die goddelose voor die aangesig van God."

**Psalms 68:2, 3.**

**Antwoord:** Die lewende onregverdige sal deur die teenwoordigheid van Christus vernietig word. Toe 'n engel by Jesus se graf verskyn het, het die hele groep Romeinse wagte soos dooies geword.

**(Mattheus 28:2, 4).** Wanneer die lig en heerlijkheid van al die engele, en die van Christus, en die van God die Vader kombineer, sal dit wees of die onregverdige getref is deur weerlig. Aardse mense kan nie God sien en bly leef in ons aardse liggame nie.

"Verder het Hy gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie." **Eksodus 33:20.** Toe Moses terugkom van die berg, het sy gesig so geblink (gestraal van God se heerlijkheid) dat hy dit met 'n doek bedek het as hy met die mense gepraat het.



## 6. Wat is die toestand op die aarde na Jesus se koms?



"En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees."

**Jeremia 25:33.**

"Ek het na die aarde gekyk, en dit was woens en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die HERE, voor sy toornloed. Want so sê die HERE:"

**Jeremia 4:23-26.**

**Antwoord:** Daar sal geen siel lewend op die aarde oor wees nie. Die regverdiges is in die hemel. Al die onregverdiges lê dood, verstrooi op die aarde. Die aarde is verwoes.

## 7. Wat gebeur met satan gedurende die 1000 jaar?

"En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word."

**Openbaring 20:1-3.**

**Antwoord:** Die satan word gebind vir 'n 1000 jaar in die afgrond (onderaardse diepte).

### Wat is hierdie afgrond?

In engels word die woord afgrond vertaal as "bottomless pit", en die oorspronklike Grieks is "abussos," Dieselfde woord word in **Genesis 1:2** gebruik met die skepping van die aarde, maar daar word dit vertaal as "diep" in engels en "wêreldvloed" of "diep waters" in Afrikaans. "En die aarde was woens en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed." Interessant dat al hierdie woorde verwys na dieselfde ding – Die aarde, se totaal donker, ongeorganiseerde vorm voor God alles georden het. Jeremia het byna dieselfde woorde gebruik as in **Genesis 1:2** toe hy die aarde gedurende die 1000 jaar beskryf het. "Woens en leeg," "en sy lig was daar nie," "en daar was geen mens nie," **Jeremia 4:23, 25**. So die verwoeste, donker aarde sonder lewende mense word die "onderaardse diepte" of "afgrond" genoem, net soos dit was in die begin voor die skepping voltooi was.



## 8. Wat is die ketting wat satan bind en hoekom is hy gebind?



"En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. **Openbaring 20:1-3.**

**Antwoord:** Die ketting is simbolies – 'n Ketting van omstandighede. Hoe kan 'n geestelike wese met 'n letterlike ketting gebind word? Dink net, die onregverdiges is almal dood, en die regverdiges is almal in die hemel. Daar is dus NIEMAND op die aarde oor vir die satan om te verlei nie. Satan word ook beperk tot die aarde, so hy kan ook nie iewers anders heengaan om iemand te verlei nie.

**OPSOMMING VAN DIE GEBEURE  
AAN DIE BEGIN VAN DIE 1 000 JAAR:**

1. Verwoestende aardbewing en haelstorm. (Openbaring 16:18-21; Openbaring 6:14-17).
2. Jesus se wederkoms (Mattheus 24:30, 31).
3. Regverdige opgewek uit die dode (1 Thessalonicense 4:16, 17).
4. Regverdige lewendes ontvang onsterflikheid. (1 Korinthiërs 15:51-55).
5. Regverdige ontvang liggeme soos Jesus. (1 Johannes 3:2; Filippense 3:21).
6. Alle regverdige opgeneem in die wolke. (1 Thessalonicense 4:16, 17).
7. Die lewende onregverdige word gedood. (Jesaja 11:4).
8. Die dooie onregverdige bly in hulle grafte (Openbaring 20:5).
9. Jesus neem die regverdige hemel toe (Johannes 13:33, 36; 14:1-3).
10. Satan word gebind (Openbaring 20:1-3)

**9. Openbaring 20:4 sê dat daar 'n oordeel in die hemel gaan plaasvind, gedurende die 1000 jaar. Hoekom? Wie gaan deelneem?**

"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuie van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank."

**Openbaring 20:4.**

"Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?"

**1 Korinthiërs 6:2, 3.**



**Antwoord:** Die regverdige van alle eeue sal deelneem aan die oordeel gedurende die 1000 jaar. Die sake van almal wat verlore is, insluitende die satan en sy engele, sal nagegaan word. God gee die geleentheid aan die regverdige om die rekords van die lewens van die verlore te aanskou, en te sien hoekom hulle nie verlos is nie, en nie in die hemel is nie. Die regverdige sal ook kan sien hoe God die verlore geleentheid na geleentheid gegee het om gered te word, maar hulle het dit verwerp. Die regverdige sal dan oortuig wees daarvan dat God genadig en regverdig is in die dood van die opstandige sondears. Dan sal die ewige liefde en regverdige karakter van God bevestig word aan die verlostes. Die mens en engele sal beide oortuig wees en openlik getuig dat God liefdevol, regverdig en eerlik in alles is.

**OPSOMMING VAN DIE GEBEURE  
EN OMSTANDIGHEDE  
GEDURENDE DIE 1000 JAAR:**

1. Die aarde in 'n verwoeste toestand deur die groot haelstene en verwoestende aardbewing (**Openbaring 16:18-21; 6:14-17**).
2. Aarde woens en leeg (**Jeremia 4:23, 28**).
3. Satan en sy engele word geforseer om op die aarde te bly/gebind. (**Openbaring 20:1-3**).
4. Die regverdige in die hemel neem deel aan die oordeel. (**Openbaring 20:4**).
5. Die onregverdige is almal dood. (**Jeremia 4:25; Jesaja 11:4**).

Gedurende die duisend jaar sal elke mens wat ooit geleef het op een van twee plekke wees: (1) Op die aarde, dood en verlore, of (2) in die hemel, en deelneem aan die oordeel. Die Here nooi ons uit om saam met Hom in die hemel te wees.



## 10. Wat gebeur met die onregverdige dooies na die 1000 jaar?



"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie."

**Openbaring 20:5.**

**Antwoord:** Aan die einde van die 1000 jaar word die onregverdiges opgewek.

## 11. Wat gebeur dan met satan?



"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word."

**Openbaring 20:7.**

**Antwoord:** Satan word uit sy gevangenis vrygelaat. Onthou, die onregverdiges is nou opgewek, so satan het nou weer mense om te verlei op die aarde, en so is hy nie meer gebind nie.

## 12. Wat daal neer na die 1000 jaar, en waar, en wie kom almal saam?

"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God." **Openbaring 21:2, 3.** "Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE." "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!" "Die hele land sal soos die Vlakte word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem." **Sagaria 14:1, 4, 5, 10.**



**Antwoord:** Die nuwe Jerusalem sal neerdaal tot op die Olyfberg. Die Olyfberg word platgemaak om 'n groot vlakte te vorm, waar die stad tot rus gaan kom. Al die regverdiges van alle eeue (Sagaria 14:5), die hemelse engele (Mattheus 25:31), God die Vader (Openbaring 21:2, 3) en God die Seun (Mattheus 25:31) sal na die aarde kom saam met die Heilige stad met Jesus se "derde" koms. Die tweede koms is **vir** die verlostes, en die derde koms is **met** die verlostes.

## 13. Het satan se karakter verander in die 1000 jaar?

"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel."

**Openbaring 20:7-9.**

**Antwoord:** Satan, so getrou aan sy karakter, sal dadelik weer die mense (die verlorenes van alle eeue) verlei met sy leuens. Hy sal hulle oortuig dat, as hulle saamstaan, God en die mense in die stad nie 'n kans staan nie. Die verlorene is in die meerderheid. Met die hele wêreld teen een stad, sal die oorwinning seker lyk. Almal sal dan saamstaan en hulle magte versamel om die heilige stad, Jerusalem.



#### 14. Wat sal hierdie plan onderbreek om die stad in te neem en te verwoes?



"en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is."

**Openbaring 20:9, 10;**

"En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood."

**Openbaring 20:14. (Openbaring 21:8)**

**Antwoord:** Vuur kom uit die hemel en verslind die verlore nes. Die satan word in die poel van vuur en swawel gewerp. (Matthéüs 25:41). Hierdie vuur wat sonde en sondaars vernietig word die tweede dood genoem. Daar is geen opstanding van die tweede dood nie. Dit is finaal. Neem ook kennis die duiwel self in die vuur gegooi word, hy stook nie die vuur soos vertel word nie. Die duiwel word in die vuur gegooi en sal so vernietig word en nie meer bestaan nie.

#### 15. Wat gebeur as die vuur ophou brand?

"Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie." **Jesaja 65:17.** "Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon." **2 Petrus 3:13.** En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar." **Openbaring 21:3-5.**



#### **Antwoord:**

God skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde. Die vuur het die aarde skoongebrand van alle sondaars en sonde. Dit is vir ewig weg. God se kinders kry nou hulle beloofde koninkryk. God kom woon nou by hulle.

#### 16. Wat noem Jesus hierdie vuur?



En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

**Openbaring 20:14**

**Antwoord:** Dit is die tweede dood. Almal (al die dooies) word uit die eerste dood opgewek. Heb.9:27; Joh.5:28-29. Daar is egter geen opstanding uit die tweede dood nie. Dit is 'n ewige vernietiging.

### OPSOMMING VAN DIE GEBEURE NA DIE 1000 JAAR

1. Jesus se "derde" koms (Sagaria 14:5).
2. Die stad daal neer op die Olyfberg (Sagaria 14:4, 10).
3. Die Vader, engele en verlostes kom saam met Jesus (Openbaring 21:1-3; Mattheus 25:31; Sagaria 14:5).
4. Die onregverdige dode word opgewek, satan ontbind (Openbaring 20:5, 7).
5. Satan verlei weer die wêreld (Openbaring 20:8).
6. Verlore nes omsingel die stad (Openbaring 20:9).
7. Verlore nes vernietig deur vuur (Openbaring 20:9).
8. Nuwe hemele en aarde geskep (Jesaja 65:17; 2 Petrus 3:13; Openbaring 21:1).
9. God se mense geniet die ewigheid saam met Jesus op die nuwe aarde (Openbaring 21:2-4).

## 17. Jesus se DRIE verskynings op die aarde:



1. Eerste koms, in 'n krip in Betlehem.



2. Tweede koms, in die wolke aan die begin van die 1000 jaar, om Sy kinders hemel toe te neem.



3. Derde koms, met die stad en al die verlostes aan die einde van die 1000 jaar.

## 18. Ons het 3 dinge geleer omtrent die 1000 jaar

1. Die opstanding van die verlostes – Hierdie **eerste** opstanding begin die 1000 jaar.
  - a. Die verlostes opgewek.
  - b. Die lewende verlostes verander.
  - c. Al die verlostes ontmoet Jesus in die wolke en gaan hemel toe.
  - d. Die dooie verlore nes nie opgewek nie.
  - e. Die lewende verlore nes vernietig (gedood).
  - f. Satan gebind.
2. Die opstanding van die verlore nes – Hierdie **tweede** opstanding beëindig die 1000 jaar.
  - a. Die verlore nes opgewek.
  - b. Satan word ontbind.
  - c. Die heilige stad Jerusalem daal neer.
  - d. Die laaste oordeel vind plaas.
  - e. Sondaars en sonde word vernietig.
  - f. Nuwe aarde word geskep.
3. Die periode tussen die twee opstandings – Die 1000 jaar van Openbaring 20
  - a. Die aarde verlate
  - b. Die verlostes is in die hemel
  - c. Die verlore nes is dood
  - d. Satan gebind – alleen op die aarde.

### 19. Waar moet my naam wees om aan die vernietigende vuur te ontkom?

"En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."

**Openbarien 20:5**

**Antwoord:** In die boek van die lewe.



### 20. Wie nooi Jesus na Sy Koninkryk?



En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

**Openbaring 22:17**

**Antwoord:** "Laat hom wat wil". Elkeen van ons moet dus daardie wilsbesluit maak.

### Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van **Bybelse** bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	dievollewaarheid@gmail.com
Christiana, 2680			